

Verwelkomingsaktiwiteite

- ❖ Tydens jou eerste twee weke by Oranje mag jy nie jou pampoenrok dra nie. Jy trek jou laerskoolklere aan en as jy in Oranje Primêr was dra jy 'n knielengte denimrompie en enige hemp daarby.
- ❖ Vir die eerste twee weke mag jy nie jou boeksak saambring skool toe nie. Gedurende hierdie tyd moet jy boeke en skoolbenodigdhede op 'n skinkbord dra. **LAAT ASSEBLIEF JOU TABLET TUIS TOT MAANDAG, 23 JANUARIE 2018.**
- ❖ Jy sal op die program sien dat daar sekere dae is waar jy volgens 'n spesifieke tema moet aantrek. Hierdie temas is altyd groot pret. Doen moeite en kom verras ons met jou kreatiewe idees.
 - **Dae van baba wees:** Gaan terug in tyd na jou doeke dae en kom wys ons hoe jy as baba gelyk het.
 - **Beeld jousef uit:** Hier het jy vrye teëls !! Stel jousef vandag aan Oranje voor.
 - **So sal jy my nooit weer sien nie:** Vandag is die laaste dag wat jy 'anders' kan wees. Gebruik vandag om ons te wys hoe jy nooit weer sal lyk nie !
- ❖ Saterdag die 20ste Januarie is daar 'n plankiesokkie. Dan trek jy jou Eenders maar Anders hemp, skool sportbroek en tekkies aan. Jou hare moet ook dan asseblief in twee boksterte wees.
- ❖ Op Donderdag die 25ste Januarie hou ons nuwelingskonsert. Dink solank aan 'n oulike idee vir die opvoering – daar is nie baie tyd vir oefen nie.

- ❖ Vir die eerste twee weke is jou beste vriend 'n **potplant**. Jou potplant moet 'n naam, van en stamboom hê – WEES KREATIEF. Jou potplant, asook sy geslagsregister moet tydens die eerste twee weke van skool TE ALLE TYE by jou wees.
- ❖ Op die dag wat die skool begin (Woensdag, 17 Januarie 2018) moet jy 100 leë uitgespoelde koeldrankblikkies. Die blikkies moet asseblief eers uitgespoel word. Plaas dit in 'n swart sak met die leerder se naam op.
- ❖ Jy gaan 'n Plankie-ma kry wat na jou gaan omsien, veral in die eerste twee weke. Moenie bekommerd as jy nog nie 'n Plankie-ma het nie. Ons sal seker maak dat almal 'n Plankie-ma het die dag voor die skool begin.
- ❖ Neem deel aan al die aktiwiteite en GENIET dit. Nie net is dit groot pret nie, maar so word jy sommer vinnig deel van Oranje!